
# Dié produk fnuik taks op studiegeld

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**

Ek kyk vandag na die moontlikheid om met die nuwe belastingvrye spaarproduk wat van 1 Maart af geld, vir jou kinders 'n belastingvrye studiefonds te skep. Die geleentheid om eendag te studeer is seker elke ouer se droom vir sy of haar kind. Die vraag is gewoonlik: Waar gaan die geld vandaan kom? Jy kan gaan skuld maak. Maar wil jy regtig in jou middel- en laat jare met jou kinders se studieskuld sit? Of moet die kinders hul volwasse lewe afskop met skuld?

Of maak jy, soos baie van ons, en "belê" 'n groot deel van jou aftreevoorsiening in jou kinders se grade?

As jy te lank wag, is dit ongelukkig jou voorland. Die alternatief is spaar. Spaar van vroeg af. Hoe langer jy kan bydra, hoe voordeliger. Reg belê, sal jou rande vinniger aanteel as konyne. Maar jy moet hulle genoeg tyd gun.

Die teenvermydingsmaatreëls in die Inkomstebelastingwet maak dit nie maklik vir ouers nie. Ingevolge dié maatreëls sal enige inkomste (kom ons praat liewer van groei) wat verdien word op 'n belegging ten behoewe van 'n minderjarige kind belas word in die hande van die ouer as die ouer daardie geld geskenk het.

Die maatreël geld eweneens geld wat in 'n trust gehou word as dit deur die ouer geskenk is. Óf die geld sal in die trust se hande belas word as dit nie aan die kind uitkeer nie óf in die hande van die ouer as dit aan die kind uitkeer of toegeken word.

En iets wat my persoonlik pla, is dat opvoeding en onderhoud vir 'n minderjarige kind as doel van die belegging spesifiek in die wet genoem word as rede om die teenvermydingsmaatreël toe te pas. Kortom: Jy gaan belas word op enige groei in enige belegging vir jou minderjarige kind as jy daardie geld aan wie ook al geskenk het.

Kom ons kyk nou na die nuwe belastingvrye belegging met die oog op 'n belastingvriendelike spaarplan vir jou kind se studies. Die produk laat toe dat enigiemand tot R30 000 per jaar, met 'n maksimum van R500 000 oor 'n leeftyd, kan spaar en dat daarop geen belasting betaalbaar is nie.

Ons kyk eers na geskenkebelasting. Jy kan tot R100 000 per jaar skenk, sonder om geskenkebelasting daarop te betaal. Jy kan dus R30 000 belastingvry vir die kind gee om in die nuwe produk te belê. Dis drie kinders per ouer vry van geskenkebelasting.

Die groei in dié belegging is belastingvry. Die teenvermydingsmaatreëls wat ek hierbo bespreek het, kan dus nie toegepas word nie. Daar is nie 'n belasting in dié belegging waarvoor Jan Taks jou aanspreeklik kán hou nie.

Daar kan 'n probleem opduik met die jaarlikse perk van R30 000. As jy meer as dit belê, word jy belas teen 40% op alles bo die R30 000. Die regulasies verplig ook die produkverskaffer om geld wat aan 'n minderjarige uitkeer slegs in dié se eie bankrekening te betaal, of sy boedel by dood.

Of dit bedoel is as 'n teenvermydingsmaatreël vir belastingkansvatters? Dalk. Maar dit lyk na 'n goeie produk om te spaar vir studies.

■ *Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.*

*This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission.*